Die laaste sê...

Boublokkies op 'n wintersoggend

Daar is min dinge in die lewe só inspirerend soos om vroegoggend, in die middel van die winter, met kaal, koue voete op 'n klein plastiekboublokkie te trap. Dis asof die sadistiese, oorspronklike ontwerpers die blokkie presies so ontwerp het om die maksimum hoeveelheid senuweepunte in jou voet met een trapslag te kasty.

Ek is ook daarvan oortuig dat dié gedeelte in jou brein wat pyn vertolk, direk langs die gedeelte wat taal reguleer, geleë is. Want soos wat die pynimpulse deur jou liggaam skiet, word jy dadelik genoegsaam gestimuleer om uiters kreatief met die Afrikaanse taal om te gaan. Eerstens om uiting te gee aan jou gemoedstoestand op daardie presiese oomblik en tweedens om die gevolge vir die een wat die blokkie daar gelos het, te verbaliseer.

Behalwe hiervoor is daar natuurlik ook die voorreg om 'n aangrypende stukkie kykgenot vir jou huismense te verskaf as hulle sien hoe jy sonder enige vooraf oefening die Riel dans – veral as jy daarin slaag om nóg 'n goedgeplaaste blokkie raak te trap.

Ai, die vreugde om kinders te hê! Die voorreg om 11-uur in die aand vir Action Jack in die kar te gaan haal – jou verduideliking dat dié 15cm spiertier-tawwe-Tienie eintlik die kar moet oppas ten spyt. Om 10 minute van die huis af om te draai, want jou dogtertjie het Tessa, haar praatpop, by die huis vergeet. En hoe maklik vergeet ons nie hierdie "voorregte" nie.

Want as jy 'n blokkie raaktrap, beteken dit jy het kinders wat blokkies kán bou. As sy nie sonder haar pop kan vakansie hou nie, beteken dit sy ontwikkel die vermoë om te begin omgee vir iemand buiten haarself. As Waaksaam in die huis móét slaap – ten spyte van die feit dat sy 3 cm dikke pels hom 'n Antarktiese winter sal laat oorleef - is dit dalk omdat jou kinders liefde begin koester. As die sitkamer besaai lê met speelgoed beteken dit jy beskik oor die finansiële vermoë om presente te koop.

En natuurlik gaan dit nie net oor kinders nie. Mans wat op 'n Saterdagoggend aan *trolley-rage* in die *mall* begin ly as hulle saam met hul vrouens of meisies van klerewinkel tot klerewinkel moet dartel op soek na 'n spesifieke "must have"-toppie. Maar dalk is dit omdat sy opinie vir haar belangrik is. Omdat sy vir hóm wil mooi lyk. En vrouens wat saamgesleep word rugby toe. Om wie weet hoe lank in die reën, op 'n klein, koue plastiekstoeltjie te moet sit en kyk hoe 30 ouens oor 'n bal baklei. Maar dalk is dit omdat hy daardie spesiale vrou in sy lewe naby hom wíl hê.

Hoeveel slegte goed is daar in die lewe waaroor ons nie een snars verder dink nie? Dit net sien as sleg. As jy kla oor jou kar, beteken dit jy het vervoer. As jy vroeg moet opstaan om betyds by die werk te wees, beteken dit jy het 'n inkomste. En as jy kla oor jou tuisrekenaar se internetspoed? Of die dak wat lek, die geyser wat begin groet, die lang ry by die supermark? Of wat van die spelpeil van die Stormers? (Goed, ignoreer daardie een).
Dis hoekom ek dink die kragonderbrekings wat ons nou in die Wes-Kaap beleef eintlik 'n positiewe ding kan wees. Nee, natuurlik het ek groot empatie met talle besighede wat groot verliese ly, maar as daar iets goeds uit die onderbrekings kom, is dit dalk juis 'n tikkie eenvoud waarin ons geforseer word. Om saam gehurk om 'n gaslampie te sit of roereier oor 'n gasvlammetjie te maak – sonder *7de Laan* en *Survivor.* Om stilte in die huis te hê sonder radio's, hoëtroustelle en tuisteaters. Salig!

Wat my egter die meeste raak, is dat ons tog so kan kla oor die onderbrekings. Dit te midde van duisende mense, indien nie miljoene nie, vir wie onderbrekings normaal is. Of eerder, vir wie elektrisiteit, besige aandprogramme, TV-speletjies, elektriese apparate en die Super 14 onbekende dinge is. En diep binne my wonder ek of daar nie dalk 'n tikke bevoorregting dáárin skuil nie.
Groete tot volgende keer!

Martin

Volgende keer in *Matieland*:

Navorsing gaan van krag tot krag.

Volgende keer vertel ons hoekom die US se navorsingsprofiel so hoog is:

- **Ons het tans die hoogste produksie van navorsingspublikasies in verhouding tot grootte in Suid-Afrika;**
- **In agt van die standaard-aanwysers vir akademiese voortreflikheid van universiteite tel die US onder die eerste drie in die land - en in vier daarvan is ons eerste;**
- **Drie van die sewe nasionale Sentra van Uitnemendheid is tans gesetel aan die US - die hoogste aandeel van enige universiteit in die land;**
- **Die Universiteit het in 2005 'n rekordgetal doktorsgrade gelewer - proporsioneel die beste uitset in die land;**

Ook gesels ons met me Ellen Tise, Senior Direkteur: Biblioteekdienste

**En laastens, wat dink jy van hierdie uitgawe?
Skryf ons nog te veel oor die US self? Is die artikels te lank?
Wat wil jy meer van sien – of selfs minder?
Skryf gerus aan my by media@sun.ac.za of by
Die Redakteur: Matieland, Afdeling Bemarking en Kommunikasie, Universiteit Stellenbosch, Privaat Sak X1, Matieland, 7602.
Die faksnommer is (021) 808 3800.**